LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

20-08-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 28 VIR 2018

26 Sept	Manne en Vroue aand te AGS Kairos 18:30 vir 19:00 en koste beloop R150 pp (Ete ingesluit) Kontak: Manyanca 0828530073 of Wilna 0768177818	AGS Kairos gemeente

1 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:**
Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Inskrywings het reeds gesluit.
Kuns: Sluitingsdatum vir inskrywings was reeds 15 Augustus 2018. Alle kunsstukke moet teen 30 Augustus by Juf. Lizelle of Juf. Madeleine ingehandig word.

2 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Die tweede gedeelte van Heidelberg Eisteddfod is Klassieke Vokaal en -Instrumentaal. Uitslae moet asb. voor of op 22 Augustus 2018 by Juf. Lizelle (Gr. 1-3) en Juf. Madeleine (Gr. 4-7) ingehandig word. Onthou dit moet die oorspronklike sertifikaat wees met die repliek soos die naam van die stuk wat jy gedoen het.
Die kunsuitslae moet asb. teen Vrydag, 24 Augustus by Juf. Lizelle (Gr. 1-3) en Juf. Madeleine (Gr. 4-7) ingehandig word.

3 **KOOR:**
Geen kooroefenig vir die Junior- en Seniorkoor die week nie, maar wel weer volgende week.

4 **MUSIEKFEES:**
Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 17 & 18 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Daar is geen kostes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware skoolpoging kan maak!

5 **SPREEKKOOR:**
Ons oefen elke Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees.

6 PUBLIC SPEAKING:

Volkies gaan hierdie jaar wegspring met ons eerste Public Speaking-aand vir Graad 1-7 leerders op 24 Oktober 2018. Inskrywings sluit op 29 September en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywingsvorms kan vir Gr. 1-3 by Juf. Lizelle afgehaal word en Gr. 4-7 by Juf. Madeleine.

7 LANDLOOP 2018:

Oefentye is soos gereël met atlete. Sodra spanlyste vir D7 ontvang is, sal die atlete dadelik in kennis gestel word. Die byeenkoms vind Saterdag plaas by Laerskool Voorwaarts.

8 MINI-KRIEKET:

Almal oefen op Maandag en Woensdag vanaf 14:00 - 15:00. Ouers moet asb. vir elke speler 'n wit broek aanskaf, bv. 'n wit rugbybroek voor 15 September (KFC dag).

9 KRIEKET:

Krieketoefening: Maandag en Dinsdag oefen 0/9 tot 0/11 vanaf 14:00 - 15:00 by die nette. Maandag oefen 2de en 1ste span vanaf 15:00 - 16:00 by die nette en Donderdag oefen hulle van 14:00 - 15:00.

10 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdag en Donderdag.

11 BILTONG EN DROëWORS:

Daar is Blouwildebees biltong en -droëwors te koop by Mnr Tiaan @ R50 vir 'n 500g pakkie.

12 GRAAD R KLAS:

Aansoek vir toelating tot ons Gr R klasse vir 2019 het Maandag, 30 Julie geopen tot 21 September 2018. Die nodige vorms kan by Mev Chrissie Maré (ontvangs) afgehaal word. Drie Gr R klasse word beplan vir 2019. U aansoek verseker nie dat u kind outomaties plek in die Gr R klasse vir 2019 het nie.

Ouderdom van leerders: Leerders wat in 2013 gebore is (en 6 jaar oud word in 2019) asook leerders wat tot en met 30 Junie 2014 gebore is (en 5 jaar oud word voor 30 Junie 2019), kan inskryf.

Graad R Opedag is op 21 September 2018. Alle aansoeke sal oorweeg word en ouers sal in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was.

Vir enige navrae, kontak gerus vir Juf. Alta de Klerk by die skool.

13 BLIKKIESKOS PROJEK:

Onthou asb. om die blikkieskos-projek te ondersteun. Dit kan by die registerklasse ingegee word tot 30 Augustus 2018.

14 FORMELE ASSESSERING:

- Leerders is skoolpligtig.
- Al die leerders is besig met formele assessering en moet elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word.** Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0% kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.

- ***Wanneer die toetsweek verby is, word daar steeds assessering in klasse afgehandel, toetse deurgegaan en punte gekontroleer.***
- ***Die skool sluit 28 September 2018.***
- Normale klaswisseling vind plaas by Gr 4-7.

15 VARKFEES:

Ons is baie opgewonde oor vanjaar se Varkfees wat plaasvind op **31 Aug en 1 Sept 2018** by Heidelberg Vliegveld.

Elke Laer Volkskool leerder ontvang 'n gratis toegangskaartjie vir Vrydag, 31 Augustus 2018.

- **MUSIEKPRET 2018:**
  Ons jaarlikse musiekpret vind plaas op Woensdag, 29 Augustus om 19:00 in die skoolsaal. Daar is nog 2 tafels vir 10 persone beskikbaar teen R75 per persoon. ***Indien u aangebied het om as GASVROU op te tree en nog nie deur Juf. Ronelle Terblanche gekontak is nie, kontak haar asb. dringend by 0834152116.***
- **HEKDIENS:**
  Baie dankie vir elke ouer wat hulp aangebied het. U samewerking en ondersteuning word regtig baie waardeer. U dienstye sal aan u deurgegee word.
- **"SKYDIVERS":**
  Koop jou merker en staan 'n kans om 'n prys te wen. Leerders het reeds 'n lys ontvang om merker-kaartjies te verkoop teen R20. **Alle lyste** moet teen 28 Augustus terug wees om in aanmerking te kom. Leerders sal 30 Augustus hul merkers ontvang wat op Saterdag, 2 September geplaas moet word. Leerders wat meeste merkers verkoop ontvang as 1ste prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R500 kontant; 2de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R300 kontant; 3de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies. Ouers ontvang 1ste prys = Tandem Valskermsprong vir 2 persone van R3500; 2de prys = Geskenkbewys van R2000; 3de prys = Geskenkbewys van R1500.
- **MNR EN MEJ VARKFEES 2018:**
  Ons bied vanjaar weer 'n Mnr en Mej Varkfees aan vir alle ouderdomme. Kontakpersoon is Heléne -0832852481. Inskrywingsvorms met al die nodige inligting is beskikbaar by die skool. Daar is 'n spesiale aanbieding vir Laer Volkskool leerders.

16 STUDIEMETODE-KLASSE VIR KWARTAAL 3:

Graad 6 en 7: 22 Augustus.

Die studiemetode-klasse word aangebied deur Juf. Madeleine in Juf. Sanet se klas vanaf 15:45 tot 16:45. Ons gaan fokus op die beantwoording van 'n vraestel - spesifiek die terminologie. Maak seker jy woon die regte sessie by. Bring jou kleurpenne en 'n boek om in te skryf.

17 KULTUURAAND 2019:

Die Kultuuraand 2019 vind plaas op Vrydag, 15 Februarie 2019. Die huidige Gr. 6 leerders gaan inligtingsbriefies ontvang wat asb. so spoedig moontlik ingehandig moet word by die registerklasse.

18 SNOEPIE:

Ons versoek graag dat **ALLE GRONDSLAGFASE LEERDERS** voortaan eerder op **Woensdae** snoepiedag sal hou. Pizzas kan steeds op Vrydae gekoop word.

19 SKAAK:

Baie sterkte aan die leerders wat aan die "Gauteng Chess Championships - Primary" gaan deelneem op 24 Augustus 2018.

20 AKADEMIESE SPANNE VIR 2DE KWARTAAL:

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat 'n gemiddeld van 85% en hoër het. Harde werk word beloon!

GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
AINSLIE, Xané	BASSON, Ruben	BAIRD, Kay-Lee	CRAFFORD, Linné
BÖHME, Luné	BOSHOFF, Inge	BRIEL, Chrismarié	CRONJÉ, Welize
BOSHOFF, Mia	COETZEE, Anika	BRINK, Cloé	EVERSON, Petrie
CAPES, Cassidy	CRONJE, Caillou	DE VILLIERS, LJ	GRUNDLING, Liané
CONTE, Franco	DE BEER, Melissa	DU PLESSIS, Madeleine	HARMSE, Telana
DE BEER, Leila	ELS, Lauriska	EVERSON, Janika	HARVEY, Jordan
DEYZEL, Madelize	ERASMUS, Bianca	FAURE, Nandelé	HARVEY, Kaylee
DIETRECHSEN, Jano	GANI, Mohamed	FOURIE, Benno	J. V. RENSBURG, Rickus
DU PREEZ, Jordan	KOTZÉ, Anke	GREEFF, Melissa	LABUSCHAGNE, Steph
HUISAMEN, Div	KRITZINGER, Anika	HENKEN, Gerrit	LEE, JP
JORDAAN, Christi	KÜHRT, Yolandi	HUISAMEN, Brandt	MALKI, Joshua
KARIM, Muhammed	LIEBENBERG, Lerize	JORDAAN, Janel	PIETERS, Dené
MARITZ, Dané	LOMBARD, Henrico	JORDAAN, Christiaan	POTGIETER, Francois
MUNRO, Lizé	NEUMEYER, Hannah	LABUSCHAGNE, Elmien	SPRONG, André
RAUTENBACH, Liezel	ROSSOUW, Karla	MARX, Ju-Viné	VAN TONDER, Marli
SHEPHERD, Anéll	SMOOK, Zandré	MEIJER, Joseph	
TROLLIP, Alida	SPRONG, Huib	MULDER, Elri	
V/D WESTHUIZEN, Eon	VENTER, Karin	OLIVIER, Sambeaulynne	
VAN STADEN, Luané	VENTER, Ruben	POTGIETER, Schalk	
VAN TONDER, Arné	VERWOERD, Wilhelm	ROOS, Roxanne	
VENTER, Lihandi	ZDARA, Marco	SCHOEMAN, Wiepke	
VENTER, Klaas		STEENEKAMP, Reinhardt	
VILJOEN, Chriselda		STEYN, Tiané	
		THERON, Meyer	
		THORBURN, Thormando	
		VAN HEERDEN, Telisa	
		VENTER, Marcus	
		WEHMEYER, Jessica	
		WENTZEL, Matthew	

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF